

1 Januarie - AANBID

Skrifgedeelte: Openbaring 4:1-11 (OAV)

Fokusgedeelte: Openbaring 4:2 en 10

Ons fokusvers (vers 10) getuig: *Die kerk van alle tye buig in aanbidding voor God wat op die troon sit.* Dit is wat Johannes sien en wat hy neerskryf.

Die boek Openbaring begin met die briewe aan die sewe gemeentes en God se genade en oordeel oor elkeen. Later in Openbaring kry ons die verskriklike verval wat in die wêreld sal intree, die vervolging van gelowiges en die onderdrukking van die kerk. En dan tog, in hoofstuk 4, amper asof God sy kerk gerus stel, as 'n troos, die absolute beklemtoning: *Daar is 'n troon in die hemel en God sit op daardie troon* (vs 2). Vanaf daardie troon regeer Hy oor alles en almal. Wat Johannes sien, is so onbeskryflik dat hy dit nie in woorde kan uitdruk nie. Hy gebruik maar beelde en metafore om te sê hoe glansryk en hoe heerlik die heiligheid van God is.

Voor hierdie heilige God buig die 24 ouderlinge in aanbidding. Dié ouderlinge simboliseer die kerk van alle tye. Hulle is die verteenwoordigers van die kerk.

Wat doen die kerk? Die kerk buig in *aanbidding* voor God wat op die troon sit. Die kerk werp haar troon voor God neer en loof en prys Hom. *Aanbidding het die betekenis van 'n diepste betuiging van eerbied en onderworpenheid.*

Die onsigbare kerk buig voor Hom in aanbidding, eer Hom en is onderworpe aan Hom. Kan ons as sigbare kerk iets anders doen? Mag ons hele lewe getuig van aanbidding, van die neerwerp van ons krone voor sy troon, van eerbied en lofsange voor Hom, die Koning, wat op sy troon sit en oor alles en almal regeer.

Die digter van Psalm 95 roep ons ook op om God te aanbid as hy skryf: *"Kom laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die HERE wat ons gemaak het. Want Hy is onse God en ons is die volk van sy weide en die skape van sy hand"*(Ps 95:6, 7)

Daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon. Laat ons Hom aanbid met die diepste eerbetoen.

Sing: Psalm 93:1, 2 (1936-beryming)

Ds JG Noëth (Kimberley)